WERKBOEK I

# Die klein kleremakertjie word koning

VYFTIEN-MINUUT-AFRIKAANS

© Marisa Haasbroek



Uitdrukke en afdrukke slegs deur gesinne wat dié kursus aangekoop het. Jou ondersteuning maak meer en beter Afrikaanse tuisskool-materiaal moontlik.

# Naamwoorde, woorde wat verwar word en sinsafsluitings

## *LEER DIT*

Voor jy wegspring, is daar 'n paar dinge wat jy moet weet. Lees die stuk hieronder saam met jou onderwyser, sodat jy kan verstaan hoe jy elke dagstukkie moet aanpak.

## *INSPRING EN NUWE PARAGRAAF:*

Wees op die uitkyk vir dié teken ¶. Dis die paragraafteken, wat beteken 'n sin begin met 'n nuwe paragraaf. Die eerste reël van 'n paragraaf spring ook 'n entjie van die kant af in, sodat die leser se oog die teks makliker kan volg. In 'n latere les gaan ons uitvind wanneer mens met 'n nuwe paragraaf moet begin.

Al wat jy vir eers moet doen, is om uit te kyk vir die paragraafteken ( ¶ ). As jy dié teken teëkom, weet jy jy moet met 'n nuwe paragraaf begin as jy die sin in jou boek oorskryf. Moet egter nie die ¶ teken oorskryf nie.

## *NAAMWOORDE:*

Taalkenners sorteer woorde in verskillende kategorieë en jy gaan ook leer om dit te doen. Hulle noem dit woordsoorte. Hierdie week soek ons na **naamwoorde**. As jy dink jy het 'n naamwoord opgespoor, skryf 'n klein *n* bokant die woord.

Hoe weet jy wat is 'n naamwoord? Naamwoorde is mense, dinge, diere, plekke en idees. Daar is twee maniere om te toets of 'n woord 'n naamwoord is:

- Toets 1: Kan jy dit tel? Byvoorbeeld: Twee boervroue
- Toets 2: Kan jy 'n of die voor die woord sit?<br>Byvoorbeeld: 'n boervrou of die boervrou

## *WOORDE WAT MENS MAKLIK KAN VERWAR:*

Party woorde klink amper dieselfde, maar word verskillend gespel het en het ook verskillende betekenisse. As jy sulke pare onderstreepte woorde in die dagstukkies teëkom, kies die regte een deur die verkeerde woord(e) dood te trek. **WENK**: Dit sal jou help om die woorde hardop uit te spreek.

## *SINAFSLUITINGS:*

Jy weet seker al jy moet elke sin afsluit. Sodat jy dit kan oefen, ontbreek sinafsluitings in hierdie week se dagstukkies. Besluit of die sin 'n punt, uitroepteken of vraagteken kort en voeg dit by.

### Maak dit reg:

Hier is die stappe vir dié week se werk:

- Lees die sin(ne).
- Gee 'n verklaring vir die woord in vetdruk.
- Maak die sin reg.
- Bespreek jou keuses met jou onderwyser.
- Skryf die sin(ne) netjies in jou skryfboek oor. Onthou om elke keer 'n reëltjie oor te slaan.

| Woordeskat<br>¶ Spring in<br>Woorde wat mak-<br>lik verwar word | Sinsafsluitings<br>. ! ? | *n* (naamwoorde) |
|---|---|---|

**DAG 1**

¶Een somersdag sit 'n kleremakertjie en **<u>stuk / stik</u>** toe 'n boervrou, wat konfyt verkoop, verbyloop

**DAG 2**

Hy **steek** sy kop by die venster uit

**DAG 3**

¶"Kom hierheen, **liewe** vrou" roep hy

**DAG 4**

¶**Moeisaam** sukkel sy met die trappies na sy <u>huis / hys</u> op en sit haar sware mandjie neer

**DAG 5**

¶Nadat die kleremakertjie haar al haar potjies konfyt laat uitpak het, bekyk en **<u>bereik / beruik</u>** hy elke liewe een

*WEEK 1:*

*Aan die einde van elke sin moet een van die volgende wees:*

- *'n Punt*
- *'n Uitroepteken*
- *'n Vraagteken*

*WEEK 1:*

*(Selfstandige) Naamwoorde*

*Jy kan op twee maniere vasstel of 'n woord 'n naamwoord is:*

- *Kan jy 'n of die voor die woord sit?*
- *Kan jy 'n telwoord soos een of twee voor die woord sit?*

*WEEK 1:*

*Woorde wat maklik verwar word: **stuk** en **stik:***

***Stuk** beteken 'n deel, byvoorbeeld: Kry vir jou 'n **stuk** koek.*

**Stik** beteken om naaldwerk te doen, byvoorbeeld: die kleremakertjie sit en **stik.**

*WEEK 1:*

*Woorde wat maklik verwar word: **hys** en **huis:***

**Hys** beteken oplig, byvoorbeeld: Die hyskraan hys die swaar yster die lug in op.

**Huis** beteken die plek waar mens bly, byvoorbeeld: die boervrou stap die huis binne.

*WEEK 1:*

*Woorde wat maklik verwar word: **bereik** en **beruik:***

**Bereik** beteken om by 'n eindpunt aan te kom, byvoorbeeld: Hy het sy bestemming bereik. Dit kan ook beteken iets wat jy kan bykom, byvoorbeeld: Sit die gif buite kinders se **bereik**.

**Beruik** beteken om aan iets te ruik.